# Voorwoord

In die toekoms sal 'n bevoegde en bevoorregte geskiedskrywer 'n gesaghebbende biografie oor wyle dr. HF Verwoerd die lig kan laat sien. Die werk sal gesaghebbend kan wees omdat die amptelike dokumente waarin die lewe en werk van dr. Verwoerd as staatsman weerspieël word, dan vir navorsers beskikbaar gestel sal wees.

Maar hoe bevoeg hierdie geskiedskrywer ook mag wees, sal hy nie in staat wees om die mens Verwoerd met al sy ryke verskeidenheid van voortreflike persoonlikheidseienskappe aan sy lesers uit te beeld nie. Dit lê nou maar eenmaal in die aard en wese van 'n amptelike dokument dat dit op die formele en streng saaklike toegespits is en daarom noodwendig min of meer eensydig moet wees.

Om iewers vorentoe tot 'n alles insluitende oordeel oor dr. Verwoerd se lewe en werk in staat te wees, sal ook aandag gegee moet word aan daardie fasette van sy lewe waarvoor in 'n amptelike dokument geen getuienis aangetref word nie - wat in werklikheid in geen dokument of losstaande geskrif 'n neerslag kan vind nie. Hier word gedink aan die fynere nuanses van sy lewe, dit wat sy aard en temperament bepaal en daaraan inhoud, kleur en kwaliteit verleen - die intiem persoonlike wat eintlik net beleef kan word en wel deur iemand wat oor 'n lang tydperk van dag tot dag baie nou met hom saam geleef het.

Waar ons vir 'n gesaghebbende werk oor dr. Verwoerd as staatsman gewillig moet wees om te wag omdat tyd en afstand in hierdie geval nie alleen meer begrip nie maar ook diepte en rypheid in ons oordeel bring, is daar aan die beskrywing van die meer persoonlike kant van sy lewe juis 'n element van haas verbonde. Tyd en afstand kan in hierdie geval die herinneringsbeeld laat vervaag en daarom moet dit wat op 'n persoonlike vlak beleef en ervaar is, binne redelike tyd in geskrewe vorm van een of ander aard bestendig word.

Vir hierdie besonder moeilike taak kan net 'n baie beperkte groep van bevoorregtes in aanmerking kom. Lede van die intieme familiekring

sou dit kon doen, maar dan tog op gevaar af dat, vanweë hul emosionele betrokkenheid, hul uitspraak of standpunte deur leke en buitestaanders as vooringenome en subjektief bestempel kan word.

Iemand uit die huislike kring wat met liefde en oorgawe hom of haar met die familiesituasie kan vereenselwig sonder om volkome daarby betrokke te raak, sou die beste hiertoe in staat wees.

Miskien was dit toeval maar miskien ook beskikking dat mej Annatjie Boshoff in die begin van April 1959 in die ampswoning van die Eerste Minister opgeneem is as die privaatsekretaresse van mev Verwoerd.

Van die begin af is sy nie alleen in die huishouding nie maar ook volkome in die familiekring opgeneem, en daardeur is die unieke geleentheid aan haar gebied om 'n situasie waar te neem en te ervaar op 'n wyse wat aan geen buitestaander ooit gegun sou word nie. Oorweldig deur die huislike atmosfeer wat sy daar aangetref het en die seldsame persoonlikhede van sowel dr. as mev. Verwoerd, het sy haar gedwonge gevoel om dit wat sy ervaar en beleef het, aan 'n wyer kring van belangstellendes bekend te stel.

Die resultaat van die besluit is hierdie aangrypende en boeiende boek waarin die gewone en alledaagse lief en leed uitgebeeld word van twee mense wat uitsonderlike hoogtes in ons volkslewe bereik het. Baie fasette van die mens Hendrik Frensch Verwoerd se dinamiese lewe wat in sy amptelike optrede nie so opvallend was nie of onopgemerk verbygegaan het, word beklemtoon. Ons leer hom ken as vader en gesinsman, as die onvermoeibare met 'n veelsydige belangstelling ook in sake van 'n algemeen menslike aard. Ons kry 'n insig in sy diepe menslikheid, sy rustigheid en kalmte van gees, sy nederigheid en offervaardigheid.

Maar nêrens word dr Verwoerd as 'n eensame uitgebeeld nie. Sy lewensmaat figureer prominent, is altyd deel van die verhaal – soms onopvallend eenkant, by ander geleenthede sterk op die voorgrond. Dit was 'n gelukkige egpaar wat in volkome harmonie daaglikse pligte in die huis en teenoor die gesin nagekom en met ewe groot gemak namens die Republiek van Suid-Afrika op sosiale gebied verkeer het.

In hierdie biografie van 'n egpaar - die eerste van sy soort in die Afrikaanse historiografie - word ons tegelyk ook onder die indruk gebring van die veeleisende taak van 'n premierspaar; van spanning en

inspanning, van offervaardigheid en toewyding. Maar ook die leed van hierdie besondere premierspaar wat uitgekring het tot al die lae van die samelewing, word op treffende wyse in die aangrypende verhaal vervleg.

Mej Boshoff het deur haar werk aan die minsame mev Verwoerd en die nagedagtenis van dr. Verwoerd 'n groot weldaad bewys. Waarskynlik sonder die bedoeling om ooit daarvan gebruik te maak, het sy somtyds aantekeninge gemaak van klein huislike bedrywighede waarby sy betrokke was, maar ook van die groot momente wat sy in die geselskap van die deurlugtige premierspaar kon beleef. Behalwe dat die werk met oorgawe en toewyding geskryf is, is dit dus ook gesaghebbend.

Wat hierdie werk verder nog tot iets heel besonders verhef, is die unieke versameling foto's wat daarin verskyn - foto's wat die ander en minder bekende kant van dr en mev Verwoerd se lewe uitbeeld en nog nooit voorheen gepubliseer is nie.

'n Werk van hierdie aard en gehalte het geen aanbeveling nodig nie en sal sy weg self vind na die boekrak van elke welmenende Afrikaner. Dit is bowendien 'n werk wat nie net een keer gelees sal word nie, maar dikwels en met aandag.

*A.N.PELZER*
*Pretoria 13 Mei 1974*

# Inhoud


Woord vooraf
My eerste kennismaking .................................................. 1
Doktor word Eerste Minister ........................................... 5
Dr Verwoerd - ons eintlike baas ...................................... 11
Dr Verwoerd - ons geïnspireerde leier ........................... 27
Gesinslewe ....................................................................... 38
Eetgewoontes .................................................................. 54
Tot u diens! ..................................................................... 64
Onthale : Formeel en Informeel ..................................... 80
1960 : Ligte en Donker dae ............................................ 104
Die Statebondskonferensie van 1961 en daarna............... 118
Ontspanning...................................................................... 168
1966.................................................................................. 221
Duitsland ......................................................................... 265
Totsiens ........................................................................... 274